higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## LEWENSORIËNTERING

(Eerste vraestel)

**NKR VLAK 2**

(7601012)

**28 Februarie 2020 (X-vraestel)**
**09:00–11:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

136Q1S2028

Kopiereg voorbehou

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 100**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.

6. Trek ’n streep deur enige werk wat jy nie wil laat nasien nie.

7. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

### VRAAG 1

Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Verstandsbeeld van jouself, jou vermoëns, voorkoms en persoonlikheid | A | selfmotivering |
| 1.2 | Verkeerde opsies wat jou lewe potensieel kan ruïneer. | B | selfvertroue |
| 1.3 | Klein, jeukerige knoppies op of om anale area | C | stiptelikheid |
| 1.4 | Trots op ’n onaangename manier en tree op asof jy belangriker as ander mense is | D | gebeurlikheidsmaatreëls |
| 1.5 | Vermoë om ’n begeerte, verwagting of doel te bevredig sonder om deur ’n ander persoon beïnvloed te word | E | afwesigheid |
| 1.6 | In staat om ’n taak te voltooi of ’n verpligting na te kom voor of op ’n voorheen aangewese tyd | F | swak keuses |
| 1.7 | Plan bedink vir ’n uitkoms wat van die gewone (verwagte) plan verskil | G | boeliegedrag |
| 1.8 | Gebruik van krag, dreigemente of aggressie om andere te domineer | H | arrogant |
| 1.9 | Vermoë om die lewe se uitdagings te hanteer en in jouself te glo | I | selfbeeld |
| 1.10 | Gewoonte om gereeld en sonder ’n goeie rede van kollege weg te bly | J | genitale vratte |
| | | K | motief |
| | | L | onkunde |
| | | M | MIV |

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 2**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Watter EEN van die volgende beskryf ’n SWOT-ontleding die beste?

A Evalueer die prioriteit van sekere dinge
B Evalueer studente se slaagsyfers
C Evalueer studentebywoning
D Evalueer student se kriteria om ’n beurs te kry

2.2 Die ... speel ’n belangrike rol in ons vermoë om te dink en te leer.

A brein
B hartklep
C oksipitale lob
D korttermyngeheue

2.3 As dit jou doelwit is om jou Vlak 3-eksamens aan die einde van die jaar te slaag, staan dit bekend as ’n ... -doelwit.

A korttermyn
B jaarlikse termyn
C langtermyn
D mediumtermyn

2.4 Een van jou klasmaats sukkel om al die werk by die kollege te hanteer, omdat hy stadiger as sommige van die ander studente lees. Watter EEN van die volgende strategieë kan hy gebruik om hierdie uitdaging te oorwin?

A Deur selfgeldend te wees
B Deur lewenskragtig te wees
C Deur mededingend te wees
D Deur passief te wees

2.5 Jy is op die punt om ’n verhouding aan te knoop met iemand van wie jy baie hou. Wat is die belangrikste eienskap waarna jy in daardie verhouding op soek is?

A simpatie
B menings
C empatie
D geld

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 3**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee EEN rede vir elke antwoord.

3.1 Rommelstrooiery help om die omgewing op te ruim.

3.2 Die DBV is ’n plek waarheen mense kan gaan om hulp met middelmisbruik te kry.

3.3 Jy kan die beginsels van tydsbestuur gebruik om tred te hou met al jou verantwoordelikhede by die kollege en tuis.

3.4 As jy deel van ’n studiegroep is, kan die ander studente jou help om enkele moeilike konsepte in die klas selfs beter te verstaan.

3.5 Wanneer jy hoofpyn het, kan jy dieselfde voorgeskrewe pynmedikasie gebruik wat die dokter vir jou vriend gegee het.

(5 × 2) **[10]**

**VRAAG 4**

Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| biologiese; verantwoordelike; VIGS; intellektuele; Handves van Regte; sosiale; SMART; gedragskode; SWOT; artikel; borste; gemeenskap; MIV; diversiteit; organe; geregtigheid |

4.1 ’n ... -projek help om lewens te verander.

4.2 Studente moet die ... van die kollege nakom as hulle vir beurse in aanmerking wil kom.

4.3 As jy in ’n riskante situasie is en nie verantwoordelike keuses maak nie, kan dit tot gevolg hê dat jy ... opdoen.

4.4 Ten einde jou doelwitte te bereik en sukses in die lewe te behaal, moet ’n mens ... doelwitte stel.

4.5 Die ontwikkeling van groter ... is een van die biologiese verskille tussen mans en vroue tydens puberteit.

(5 × 1) **[5]**

**VRAAG 5**

5.1 Identifiseer TWEE faktore wat ’n negatiewe invloed op jou eiewaarde het. (2)

5.2 Stel maniere voor waarop jy die faktore kan hanteer wat in VRAAG 5.1 genoem is. (2)

5.3 Definieer die term *geslagsrolle*. (2)

5.4 Uit dit wat jy geleer het, noem TWEE van die algemeenste geslagsrolle. (2)

5.5 Gee TWEE redes waarom kollegestudente moet volhard (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B**

**VRAAG 6**

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**Yvonne Chaka Chaka gaan terug skool toe**

Die talentvolle sanger, entrepreneur, onderwyser en humanitêre (sorgsame) Yvonne Chaka Chaka gaan terug skool toe en verander lewens. Sy heg groot waarde aan onderwys. Op die ouderdom van 53 het sy aansoek gedoen by sowel Harvard- as Hopkins-universiteit om openbare gesondheid te studeer.

Dit is haar missie om menseregte te bevorder en nooit op te hou om kinders oraloor te beskerm nie. In 2006 het Yvonne haar welsynsorganisasie bekend as Princess of Africa gevestig. Dit is beïnvloed deur die stygende malariastatistieke in Afrika.

[Aangepas uit: *Move,* 8 Augustus 2018]

6.1 Me Chaka Chaka word deur sekere waardes gemotiveer om haar doelwitte te bereik.

6.1.1 Definieer die term *waardes*. (2)

6.1.2 Noem TWEE waardes wat me Chaka Chaka nastreef om haar doelwitte te bereik. (2)

6.2 Me Chaka Chaka vertoon ’n leerstyl van interpersoonlike intelligensie.

6.2.1 Wat beteken *interpersoonlike intelligensie*? (2)

6.2.2 Stel TWEE tipes beroepe voor wat beoefen kan word deur mense wat interpersoonlike intelligensie vertoon. (2)

6.2.3 Op grond van dit wat jy in die klas geleer het, watter TWEE van die *ander intelligensies* vertoon jy? (2)

6.2.4 Verduidelik aan me Chaka Chaka waarom dit noodsaaklik is dat sy genoeg slaap indien sy goed in haar studie wil vaar. (2)

6.3 Die artikel meld dat me Chaka Chaka 'n beskermer van menseregte is en, uit dit wat ons gelees het, is sy iemand wat die verantwoordelikhede verstaan wat met hierdie regte gepaard gaan.

6.3.1 Verduidelik die *reg op privaatheid.* (2)

6.3.2 Verduidelik die *reg op vryheid van uitdrukking.* (2)

6.3.3 Identifiseer EEN geskikte verantwoordelikheid wat met elk van die regte in Vraag 6.3.1 en 6.3.2 gepaard gaan. (2 × 2) (4)

**[20]**

**VRAAG 7**

7.1 Verwoestende brande het 'n gevaarlike realiteit in Suid-Afrika geword.

7.1.1 Noem DRIE oorsake van brand wat huise vernietig. (3)

7.1.2 Hoe kan jy dinge in en om jou huis verbeter om te voorkom dat brande ontstaan? (3 × 1) (3)

7.2 Wanneer eiendom in 'n brand vernietig word, is daar 'n moontlikheid dat oorblywende besittings gesteel kan word.

Waarom dink jy dat diefstal nie 'n eienskap van 'n goeie Suid-Afrikaanse burger is nie? (4)

(2 × 2)

7.3 Brande word soms gestig deur persone wat onder die invloed van dwelms is. Jy wil 'n dwelmbewusmakingsveldtog begin om mense oor dwelms in te lig. Ontwerp 'n strooibiljet wat jy aan mense kan uitdeel en maak seker dat die volgende daarop ingesluit is:

7.3.1 Toepaslike titel (4 woorde of minder) (2)

7.3.2 Wat is *verslawing* (middelmisbruik)? (2)

7.3.3 Noem TWEE gevolge van dwelms op 'n gemeenskap. (2)

7.3.4 Noem TWEE dwelms wat oor die toonbank gekoop kan word waaraan mense verslaaf kan raak. (2)

7.4 Noem TWEE dinge wat dwelmgebruikers doen wat hulle in gevaar stel om met MIV besmet te word. (2)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C

## VRAAG 8

8.1 Toe Peter kliniek toe gegaan het vir sy gereelde roetineondersoek, is hy meegedeel dat hy ’n gesonde leefstyl moet aankweek.

8.1.1 Noem DRIE gewoontes (nie oefening nie) wat Peter kan aanleer om ’n gesonde leefstyl aan te kweek. (3)

8.1.2 Adviseer Peter oor TWEE voordele van gereelde oefening. (2)

8.1.3 Noem DRIE voorbeelde van oefeninge wat Peter kan doen om sy fiksheidsvlak te handhaaf. (3)

8.2 Peter het ’n advertensie op Facebook gesien oor vrywilligerdiens in die gemeenskap en wat ’n verskil dit in ander mense se lewens kan maak.

8.2.1 Noem TWEE gemeenskapsprojekte waarby hy betrokke kan raak. (2)

8.2.2 Peter vertel vir jou dat hy ’n gemeenskapsprojek wil vestig.

Stel DRIE dinge in ’n paragraaf voor om te verduidelik watter leierskapsvaardighede benodig word om ’n projek in ’n gemeenskap te vestig en te lei. (4)

8.3 Spanwerk kan daartoe lei dat lede in die groep negatiewe emosies ervaar.

Hoe kan lede elk van die volgende emosies konstruktief hanteer?

8.3.1 Teleurstelling

8.3.2 Hartseer

8.3.3 Woede

(3 × 2) (6)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou